HOËRSKOOL

MARTIE DU PLESSIS

HIGH SCHOOL

GRONDWET: VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS

Inhoud

GRONDWET: VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS 2

MISSIE 2

VISIE 2

1. DOELWITTE 2
2. SAMESTELLING 2
3. DISKWALIFIKASIES 3
4. NOMINASIES 3
5. VERKIESING 3
6. VRL-VERGADERING 4
7. VRL-VOOG 5
8. PLIGTESTAAT VAN DIE VRL 5
9. 'N PAAR PRAKTIESE REËLINGS 7

GRONDWET: VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS

MISSIE

Martie du Plessis Skool word gekenmerk deur ons trots, ons dinamiese ontwikkeling, gesonde menseverhoudings en behoud van ons Christelike waardes, ons besorgdheid oor en samewerking tussen ons leerders, onderwyspersoneel en ouers.

VISIE

Om dissipline en orde te handhaaf en as ’n span saam te werk.

1. DOELWITTE

Ons strewe na die volgende:

- Mede-verantwoordelikheid vir die organisering en dissipline van die skool
- ‘n Kultuur van leer en diens
- ‘n Gees van lojaliteit
- Optrede in die beste belang van die skool
- ‘n Gees van respek ten opsigte van ander gelowe, rasse en geslag
- Deelname aan aktiwiteite van die skool
- Omsien na die welsyn van alle leerders
- Bevordering van goeie verhoudinge tussen alle partye by die skool

2. SAMESTELLING

Die VRL word saamgestel uit leerders wat ingeskryf is by die skool vanaf graad 8 tot graad 12. Die leerders dien op die VRL vir ‘n termyn van een jaar (vanaf die Toekenningsgeleentheid tot die daaropvolgende jaar se Toekenningsgeleentheid). Die leerders word verkies in die volgende verhouding:

- Gr. 8-10: TWEE leerders per graad: EEN dogter en EEN seun.
- Gr. 11: SES leerders vir graad 11. Ten minste EEN dogter moet verkies word.
- Gr. 12: AGT leerders vir graad 12. Ten minste EEN dogter moet verkies word.

Leerders in elke graad nomineer leerders om hulle te verteenwoordig. Nadat die nominasies ontvang is, stem elke graad vir hulle verteenwoordigers. VRL-lede verkies self die hoofleier en onderleier. Die hoofleier en onderleier moet graad 12-leerders wees. Die hooffunksie van die VRL is om kommunikasie te bevorder tussen leerders, onderwysers en beheerliggaam en om te help met die handhaaf van dissipline.

3. DISKWALIFIKASIES

'n Leerder word nie tot die VRL toegelaat nie, indien hy/sy …

- geskors word by die skool
- rook
- bo 60 punte op die gedragsrapport het
- die skool verlaat
- nie sy/haar graad slaag nie en dus nie sy/haar graad kan verteenwoordig vir die volgende jaar nie
- 'n kriminele rekord het

'n Nominasie word verwerp indien dit …

- nie die voorsteller, sekondant en kandidaat se handtekeninge op het nie.
- voldoen aan die diskwalifikasie van VRL soos hierbo in nr. 3 uiteengesit.

'n Stembrief word uitgegooi indien dit …

- nie die skoolstempel op het nie.
- meer stemme daarop het as waarvoor gestem moes word.
- so voltooi word dat die verkiesingspan onseker is vir watter kandidaat gestem is.

4. NOMINASIES

- Leerders word ingelig aangaande die verkiesing aan die einde van die derde kwartaal d.m.v. plakkate op die kennisgewingborde, asook elke oggend se afkondigings.
- Die graadgroepe word afsonderlik byeengeroep en leerders word gevra om nominasies vir die nuwe VRL te doen.
- 'n Leerder mag slegs deur 'n leerder in dieselfde graad genomineer word.
- Nominasies moet ingehandig word by die Verkiesingsbeampte (soos aangewys deur die bestuurspan).
- 'n Nominasiebriefie word deur die voorsteller, sekondant en die kandidaat (genomineerde) ingevul.

5. VERKIESING

- Die verkiesing vind plaas gedurende die Derde kwartaal. 'n Span van twee/drie personeellede word deur die departementshoof aangewys as die verkiesingspan.
- Sewe dae nadat die nominasies ingehandig is, vind die verkiesing plaas.
- 'n Stembrief (waarop al die suksesvolle nominasies verskyn) word opgestel.
- Die skoolstempel word op elke stembrief aangebring.

- Die graadgroepe word afsonderlik byeengeroep in die saal/klasverband.
- Die verkiesingspan verduidelik die verkiesingsprosedure. Die leerders ontvang elk ‘n stembrief by die verkiesingspan, bring hulle stem uit en plaas die stembrief in ‘n stembus/gee dit aan die verkiesingspanlid.
- Verkiesingsprosedure:
  - Graad 7 stem vir: 2 graad 7 VRL-lede; een seun en een dogter
  - Graad 8 stem vir: 2 graad 8 VRL-lede; een seun en een dogter
  - Graad 9 stem vir: 2 graad 9 VRL-lede; een seun en een dogter
  - Graad 10 stem vir: 6 graad 10 VRL-lede; seuns of dogters (ten minste 1 dogter)
  - Graad 11 stem vir: 8 graad 11 VRL-lede; seuns of dogters (ten minste 1 dogter)
- Die verkiesingspan tel al die stembriewe en die uitslag word dadelik/binne ‘n redelike tydperk aan die leerders bekend gemaak.
- Indien twee/meer kandidate in dieselfde graad dieselfde aantal stemme het, moet die leerders in die betrokke graad weer stem.
- Die name van die hoofleier en onderleier sal aan die begin van die volgende jaar na afloop van die VRL-kamp bekend gemaak word, waar al die VRL-lede die voorreg het om die leiers te kies.
- Die graad 12-leerder met die meeste stemme word as Hoofleier benoem en die graad 12-leerder met die tweede meeste stemme word die Onderleier benoem.
- Die stembriewe word in ‘n koevert verseël met die handtekeninge van die verkiesingspan daarop en word bewaar tot die volgende verkiesing.
- Indien daar ‘n vakante posisie ontstaan, moet ‘n tussenverkiesing gehou word voordat die volgende VRL-vergadering plaasvind.

6. VRL-VERGADERING

- Eerste vergadering vind plaas saam met die VRL-voog binne sewe dae na die bekendmaking.
- ‘n Verpligte leiersopleiding vind, indien moontlik, die tweede naweek van die nuwe skooljaar plaas.
- Die VRL vergader soos benodig.
- Enige persoon mag op uitnodiging van die VRL die vergadering bywoon en deelneem aan die bespreking, maar het geen stemreg nie.
- Die VRL mag enige personeellid vra om die vergadering by te woon oor sake wat die personeellid raak, solank die saak onder die funksie van die VRL val.
- Die meerderheid vorm ‘n kworum, m.a.w. besluite mag slegs geneem word indien meer as die helfte van die VRL teenwoordig is. (Dit wil sê dat 10 lede teenwoordig moet wees.)

- Die vergadering volg die normale verloop van ‘n vergadering en die sekretaresse moet notule hou en die skoolhoof van ‘n kopie voorsien wanneer hy daarom vra. ‘n Kopie van die notule moet ‘n week na die vergadering by die VRL-voog ingehandig word.

7. VRL-VOOG

Die bestuurspan wys ‘n personeellid aan as voog van die VRL.
Die skoolhoof en onderwysers moet ‘n simpatieke houding hê teenoor die VRL en ‘n duidelike begrip hê van hul rol.
Die voog is verantwoordelik vir die:

- Skep van ‘n vriendelike en vertroulike verhouding met die VRL.
- Skep van spontane kommunikasie tussen hom/haarself, personeel en die VRL.
- Ondersteuning en leiding aan die VRL.
- Totstandkoming van leierskap onder die VRL. Reël ‘n leierskapkamp vir die tweede naweek van die nuwe skooljaar saam met al die nuwe VRL-lede.
- Hulpverlening aan die VRL in enige relevante sake.

8. PLIGTESTAAT VAN DIE VRL

8.1 Opsommend

- Respek vir mekaar en elkeen in die skool te vestig.
- Die skoolreëls te ken en toe te pas.
- Sigbaar te wees in die skool.
- ’n Voorbeeld te stel vir mede-leerders van die skool.
- Te alle tye betroubaar en regverdig te wees.

8.2 **Kommunikeer** met die leerders, skoolbestuurspan (SMT) en die bestuursliggaam (SGB).

8.2.1 Hou ten minste een vergadering per kwartaal met die leerders.

8.2.2 Beide leiers dien op die Beheerliggaam (SGB) om terugvoer te gee oor relevante sake.

8.2.3 Buiten die kwartaallikse vergadering, word vergaderings geskeduleer soos benodig om relevante sake te bespreek.

8.3 **Verteenwoordig** die leerders en daarom is die welstand van die skool en die leerders hul eerste prioriteit.

8.3.1 Die VRL moet ten minste een keer per kwartaal terugvoer gee aan die leerders oor idees, voorstelle, kommentaar en klagtes wat deur die leerders ingedien is.

8.3.2 Indien ‘n idee/voorstel verwerp word op die VRL-vergadering, moet die VRL aan die leerders verduidelik hoekom hulle dit verwerp het.

8.3.3 Indien ‘n idee/voorstel aanvaar word op die VRL-vergadering, moet die VRL dit via die VRL-voog of VRL-voorsitter na die bestuurspan of beheerliggaam verwys.

- Indien die skoolbestuur die idee/voorstel ook aanvaar, kan dit opgeneem word in die skoolreëls indien van toepassing.
- Indien die skoolbestuur dit nie aanvaar nie, moet die skoolhoof dit aan die VRL verduidelik en die VRL moet dit op hulle beurt weer aan die leerders verduidelik.

8.3.4 Moedig wedersydse respek, goeie maniere en ‘n hoë moraal d.m.v. die regte kanale aan:

- Leerder > VRL-lid > VRL-vergadering > VRL-voog/voorsitter > Skoolhoof
- Leerder > Skoolhoof > VRL-voorsitter > VRL-vergadering
- Leerder > VRL > Leerder
- VRL-lid > VRL-vergadering

8.4 **Verleen hulp** aan die skoolhoof en onderwysers met die handhaaf van dissipline.

8.4.1 Verantwoordelik vir stilte en orde tydens aantrede as skool begin.

8.4.2 Verantwoordelik vir stilte, orde en die beweeg in rye tydens klaswisseling.

8.4.3 Verantwoordelik vir stilte en orde in klastyd met afwesigheid van onderwyser.

8.4.4 Verantwoordelik vir die handhawing van stilte en orde tydens saalperiodes, pouses en na skool.

8.5 Is verantwoordelik vir die hys en die stryk van die **landsvlag** volgens ‘n rooster wat die VRL-voog opstel.

8.6 Skep die grondlegging vir die **ontwikkeling van leiers**.

8.6.1 Bywoning van die VRL-kamp op kort kennisgewing na die VRL-aankondiging is verpligtend.

8.6.2 VRL-lede moet kan saamwerk met mekaar.

8.6.3 Reëls en regulasies moet gerespekteer word.

8.6.4 VRL-voog en VRL-lede moet mekaar ondersteun.

8.6.5 Lede mag van mekaar verskil, maar hul verskille moet hul nie rem in die uitvoer van hul VRL-pligte nie. VRL moet steeds as ‘n eenheid funksioneer, ten spyte van verskille.

8.6.6 VRL moet streef na onderlinge vertroue en ondersteuning.

8.7 Oorhandig boekmerkie aan leerders wat verjaar.

8.8 Help toesien dat leerders die **korrekte skooldrag** dra en dat almal netjies is.

8.9 Moet **orde** in die skool propageer en nie wanorde skep nie.

8.9.1 VRL-lede moet tydens pouses terreindiens doen. VRL-voog stel ‘n rooster op.

8.9.2 Twee VRL-lede moet badkamerdiens doen en toesien dat die handdoeke weekliks gewas word.

8.9.3 Tydens saalperiode moet hulle stilte en orde handhaaf.

8.9.4 Verantwoordelik vir gangdiens. Sien toe dat leerders nie deur gange stap nie.

8.10 Help die skoolbestuur en personeel met die implementering van die **skoolreëls**. Oortreding van enige skoolreël moet aangeteken en/of aangemeld word by die VRL-voog.

8.11 Voer aktiwiteite **demokraties** uit by die skool.

8.11.1 Tydens VRL-vergaderings moet aktiwiteite goed bespreek word en gestem word, indien nodig.

8.11.2 Tydens vergaderings met die leerders moet die VRL luister na die klagtes of probleme van die leerders en oplossings daarvoor vind.

9. ’N PAAR PRAKTIESE REËLINGS

9.1 Voor skool

- Leerders beweeg deur na die hoërskool-area.
- Leerders mag nie deur die gange beweeg nie.

9.2 Aantree in die oggend

- Leerders tree aan by betrokke vierkant, hetsy graad 7-9 of 10-12.
- Elke VRL-lid is by 'n spesifieke graad ingedeel waarvoor hy/sy verantwoordelik is.
- As VRL-lid is die ander grade ook jou verantwoordelikheid.
- VRL beweeg rond om die klaskapteine by te staan.
- Leerders wat reëls oortree, se name word dan in die VRL-boek geskryf.

9.3 Gedurende pouse

- Maak seker waar jy as VRL die week op diens is volgens die diensrooster.
- As VRL is jy nooit “AF” nie – jy is altyd aan diens om orde en dissipline in die skool te handhaaf.
- Enige voorvalle moet aan die personeel gerapporteer word.

9.4 Na pouse

- VRL kyk dat leerders by hulle klasse kom as die klok gelui het.
- Kyk dat leerders in rye aantree daar waar jou volgende klas is.

9.5 Einde van die dag

- Die Gr. 12-VRL verlaat die klas om 13:40 om by hulle punt diens te doen volgens die diensrooster.

9.6 Saal

- VRL stap saam met die graad waarvoor hy/sy verantwoordelik is, in.
- VRL sit verspreid, langs die muur, tussen die leerders.
- VRL moet die leerders stilhou en kyk dat hulle stilsit.
- VRL moet toesien dat leerders op aandag staan tydens die sing van die skoollied en volkslied.

9.7 Hoe om teen leerders op te tree

- Leerders moet altyd met respek behandel word.
- Wees redelik en regverdig met die leerders.
- Moenie op ’n leerder skree of name noem nie.
- Gebruik ek-boodskappe.

9.8 Wanneer ’n leerder die skoolreëls oortree het

- Sê vir die leerder watter reël oortree is.
- Sê vir die leerder wat die gevolg van die oortreding is.
- Waarsku die leerder.
- Probeer om die leerder eenkant te neem om met hom/haar te praat.
- Indien die leerder weer oortree, word die leerder opgeskryf in die VRL-boek.
- Sorg dat alles in die VRL-boek ingevul word en dat die leerder teken.
- Indien die leerder nie teken nie, moet ’n getuie wat die oortreding gesien het, teken.

9.9 Die VRL-boek

- Sorg dat die leerder die VRL-boek teken.
- Indien die leerder nie wil teken nie, moet ’n getuie wat die oortreding gesien het, teken.
- Die VRL-boek moet dan aan die einde van die week by die VRL-voog ingehandig word.
- Sodra daar 3 opskrywings is (tensy dit ernstige oortredings is, wat onmiddellike aandag vereis), word die leerder op SAMS opgeskryf.

9.10 Gedragskode vir die VRL

- Die VRL is netjies en dra die korrekte skooldrag.
- Die VRL tree met respek teenoor alle leerders en onderwysers op ten spyte van geslag, ras, kultuur, taal, ouderdom of gestremdheid.
- Die VRL-lid stel te alle tye 'n voorbeeld (binne en buite die skool).
- Die VRL woon alle vergaderings by soos geskeduleer.
- 'n VRL-lid mag hom/haar nie aan die volgende skuldig maak nie:
  - Oortreding van skoolreëls.
  - Enige vorm van fisiese kontak met die teenoorgestelde geslag nie.
  - Baklei, boeliegedrag, vloek of enige vorm van rassisme.

9.11 Dissiplinêre prosedure vir VRL

- VRL-lede waarsku en praat met die persoon.
- Die VRL-lid word na die VRL-voog verwys.
- VRL-lid word dan gewaarsku en kan geskors word hangende die ernstigheid van die oortreding.
- Met die volgende oortreding word die VRL-lid dan na die bestuurspan verwys vir dissiplinêre optrede.
- Indien die persoon se balkie teruggeneem word, sal die persoon wat volgende op die lys was volgens die aantal stemme wat hulle ontvang het, as die nuwe VRL-lid aangewys word.
- Indien die VRL-lid se balkie weggeneem word, kan dit vir ‘n tydperk soos volg wees:
    - Tydelik en met moontlike herinstelling, afhangende van die persoon se gedrag.
      (Word gedoen indien die oortreding ernstig is, maar die persoon se optrede nie daartoe gelei het dat hy/sy hulle integriteit in so ‘n mate verloor het dat hulle nie meer die rol van ‘n leier sal kan vervul nie.)
    - Permanent
      (Word gedoen indien die oortreding ernstig is, en die persoon se optrede daartoe gelei het dat hy/sy hulle integriteit in so ‘n mate verloor het en dat die band van vertroue tussen die leier en die breër skoolgemeenskap onherroeplik beskadig is en dat hulle daarom nie meer die rol van ‘n leier sal kan vervul nie.)

Onderneming:

Ek, _____, aanvaar die pligte van die VRL en onderneem om hierdie pligte na die beste van my vermoë uit te voer. Ek verstaan dat ek aangespreek gaan word indien ek nie die bostaande pligte uitvoer nie.

Handtekening: _____ Datum: _____
Leerder

Handtekening: _____ Datum: _____
Onderwyser